**PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL**

**(TAAL, GELETTERDHEID & KOMMUNIKASIE)**

**DEPARTEMENT AFRIKAANS**
**AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD** | **: 12** | **DATUM** | **: SEPTEMBER 2013** |
| **VRAESTEL** | **: LEESBEGRIP, OPSOMMING en TAAL** | **TYD** | **: 2 UUR** |

---

| | | |
|---|---|---|
| **EKSAMINATOR** | **: Mnr. W. Swart** | |
| **MODERATORE** | **: Me. M. Watson** | **(Intern)** |
| | **: Mev. W. Groenewald** | **(Ekstern)** |

---

**Instruksies:**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

   | | | |
   |---|---|---|
   | **Afdeling A:** | **Leesbegrip** | **(30)** |
   | **Afdeling B:** | **Opsomming** | **(10)** |
   | **Afdeling C:** | **Taal** | **(40)** |

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Nommer die VRAE wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

4. **Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.**

5. **Nommer in die middel van die bladsy.**

6. **Begin ELKE VRAAG op 'n NUWE bladsy.**

7. **Skryf met 'n BLOU PEN.**

8. **Trek 'n streep na elke afdeling.**

   **Sterkte!**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: BOEKUITTREKSEL**

Lees die koerantartikel hieronder en beantwoord die vrae.

# HET JY GEWEET HOE OUD KITSKOS IS?

**1.** Die eerste hamburger ter wêreld is amptelik aangeteken by die St Louis Wêreldskou in 1904.

**2.** Maar eintlik is die hamburger al in 1206 wel eintlik net die "pattie" deur rondreisende, oorlogvoerende soldate op hulle perde geëet. Omdat hulle so dikwels in die saal was, het hulle rou vleis in repies gesny, dit onder die saal gesit en die druk en geskaaf van die saal het die vleis dan nou sagter en eetbaarder gemaak.

**3.** Die naam hamburger kom eintlik van die stad Hamburg (die tweede grootste stad in Duitsland). Hulle het dit egter toe die Hamburger steak genoem. Dit was eintlik net 'n stuk sout vleis tussen twee brode en hoofsaaklik die stapelvoedsel van die arm gemeenskap. In die vroeë 1800 is die vleismeule vervaardig en gemaalde vleis was oral gewild. Restauranteienaars het Duitse matrose, wat voet aan Amerikaanse wal gesit het, na hul restaurant gelok deur hamburgers op die spyskaart te sit.

**4.** Maar dit was eers tydens die Wêreldskou in St Louis dat die hamburger, soos ons dit vandag ken, bekend geword het.

**5.** Dit het toe nog so 30 jaar geduur voordat die term KITSKOS behoorlik vlamgevat het.

- In 1937 het die McDonald-broers hulle SSS bekend gestel – Speedee Service System en in 1940 het hulle die eerste McDonald Brothers Burger Bar Drive-in geopen.
- In 1952 maak Kolonel Sanders en KFC hulle eerste verskyning in Salt Lake City.
- In 1953 het hulle eerste kompetisie sy deur geopen: Burger King in Florida.
- In 1954 begin die Britse maatskappy J Lyons, die eerste Wimpy restaurant.
- In 1958 maak die eerste Pizza Hut in Wichita, Kansas oop.
- In 1987 maak Nando's sy eerste restaurant in Johannesburg oop.

**(Verwerk en aangepas uit: *Die Boek van Eerstes* - Harrison en Joyce)**

**1.1** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die vraag te beantwoord.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

In watter jaar het kitskos, soos ons dit vandag ken, sy eerste verskyning gemaak?

**A.** 1206
**B.** 2013
**C.** 1800
**D.** 1904 **(1)**

**1.2** Hoe het rondreisende, oorlogvoerende soldate in 1206 gesorg dat hulle vleis eetbaar was?

Gee **TWEE** feite. **(2)**

**1.3** Verduidelik hoe die hamburger sy naam gekry het. **(1)**

**1.4** Daar is 'n groot verskil tussen die oorspronklike hamburger en die hamburger van vandag.

**1.4.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.4.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.4.1 **(1)**

**1.5** Watter **EEN WOORD** sê vir ons dat die arm inwoners van Hamburg hoofsaaklik van die hamburger of **"Hamburger steak"** geleef het? **(1)**

**1.6** Wat het daartoe gelei dat sout vleis deur gemaalde vleis vervang is? **(1)**

**1.7** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die oorspronklike hamburger het sy opwagting in Amerika gemaak

**A.** toe restauranteienaars dit vir Duitse matrose op hulle spyskaarte gesit het.
**B.** in die vroeë 1800s.
**C.** by die St Louis Wêreldskou in 1904.
**D.** toe McDonalds hulle eerste tak in 1940 geopen het. **(1)**

**1.8** Wie, dink jy, was vir die ontstaan van die term ***kitskos*** verantwoordelik? **(1)**

**1.9**
**1.9.1** Wat is die belangrikste verskil tussen 'n McDonalds- en KFC-burger? **(1)**
**1.9.2** Wat is die ooreenkoms tussen McDonalds, KFC, Burger King en Pizza Hut? **(1)**

**1.10** Hoe lank bestaan Nando's al in Suid-Afrika? **(1)**

**1.11** KFC en Pizza Hut was McDonalds se eerste ware kompetisie in Amerika.

**1.11.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.11.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.11.1 **(1)**

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensies hieronder en beantwoord die vrae.

Keith Kramer en Matthew Burns het die eerste Insta-Burger King in 1953 in Jacsonville in Florida begin. Dit het in 1959 Burger King geword en het takke in meer as 70 lande.

**Aantal restaurante vandag in SA:** Suid-Afrika se eerste Burger King het vroeër die week in Heerengracht geopen. Takke vir Constantia en Durbanville word ook beplan.




McDonald's het sy ontstaan in 1940 toe die broers Richard en Maurice McDonald 'n restaurant in San Bernardino, Kalifornië en is later deur Ray Kroc uitgebou tot 'n internasionale handelsmerk met takke in 119 lande. Suid-Afrika se eerste McDonalds is in 1995 in Blackheath, Johannesburg geopen.

**Aantal restaurante vandag in SA: 170**




Die naam Wimpy is geïnspireer deur die Popeye-karakter J. Wellington Wimpy Wimpy en die eerste Wimpy's is in die 1930's in Engeland geopen. Die eerste Suid-Afrikaanse Wimpy is in 1967 in Murchie's Passage in Durban geopen.

**Aantal restaurante vandag in SA:** meer as **500** (ingesluit **40** Engen 1-Stops)




John Halamandaris het die eerste Steers in 1970 in Jeppe, Johannesburg geopen. Die restaurant was eers die Golden Spur, maar is later herdoop na Seven Steer en daarna na Branded Steer en Longhorn Steer totdat dit uiteindelik net Steers geword het.

**Aantal restaurante vandag in SA: 505**



**1.12** As wat het Burger King voor sy ontstaan in 1959 bekend gestaan? **(1)**

**1.13** Burger King is die jongste toevoeging tot die Suid-Afrikaanse kitskosmark.

**1.13.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.13.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.13.1 **(1)**

**1.14** Watter kitskosmaatskappy het volgens die statistiek in die advertensies die grootste wêreldwye netwerk? **(1)**

**1.15**
- Pas die plek waar die eerste kitskosmaatskappy in Suid-Afrika geopen het in **KOLOM B** by die naam van die kitskosmaatskappy in **KOLOM A.**
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **1.15.1** Wimpy<br>**1.15.2** Burger King<br>**1.15.3** Steers<br>**1.15.4** McDonalds | **A.** Durbanville, Kaapstad<br>**B.** Jeppe, Johannesburg<br>**C.** Murchie's Passage, Durban<br>**D.** Blackheath, Johannesburg<br>**E.** Heerengracht, Kaapstad |

**(4)**

**1.16**
- Kies die **KORREKTE** antwoord om die sin te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die woord ***vlagskip*** soos in **"Die vlagskip-burger ...."** gebruik, beteken dat

**A.** daar 'n vlaggie op dié burger geplaas word tydens die bediening.
**B.** dié burger 'n sekere land verteenwoordig.
**C.** dié burger die bekendste en gewildste item op die spyskaart is.
**D.** hierdie tipe burger net in sekere lande aangetref word. **(1)**

**1.17** Watter storieboek-karakter was die inspirasie agter Wimpy se naam? **(1)**

**1.18** Watter vlagskip-burger is volgens die advertensies die grootste winskopie en waarom? **(2)**

**1.19**

**1.19.1** Hoeveel keer het die Steers-kitskosmaatskappy sy naam sedert 1970 verander? Skryf slegs die **GETAL** neer. **(1)**

**1.19.2** Watter **EEN WOORD** in die Steers-advertensie verwys na die proses van naamsveran= dering? **(1)**

**1.20** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die prysverskil tussen die Burger King vlagskip-burger en die Steers vlagskip-burger is:

**A.** R36 – 00
**B.** R23 – 90
**C.** R60 – 80
**D.** R13 – 00 **(1)**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: Matriekafskeid – raad vir die MANNE**

- Som die **SEWE** dinge op wat 'n seun van die matriekafskeid moet weet.
- Skryf die wenke in volsinne neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

## Matriekafskeid – raad vir die MANNE

**1.** Ouens, die matriekafskeid is nie net 'n formele geleentheid nie. Dis die eindproduk van jare se harde werk, hard studeer en sweet. Sit daarom jou beste voetjie voor en maak hierdie aand onvergeetlik, nie net vir jouself nie, maar ook vir jou metgesel. Om Prince Charming se skoene vol te staan, is daar natuurlik 'n paar dinge om in gedagte te hou.

**2.** Dis belangrik om 'n goeie indruk te maak deur voor die tyd vir jou metgesel blomme te koop. Maak nie saak of dit een roos of twintig is nie. Moet net nie met leë hande voor haar deur opdaag nie.

**3.** Dan is daar natuurlik niks wat vir 'n meisie so lekker ruik as 'n man wat homself goed versorg nie. Moet dus nie skaam wees om op hierdie spesiale aand lekkerruikgoed aan te spuit nie. Jy gaan tien teen een haar ouers ontmoet. Gaan haal al daardie goeie maniere wat Ma jou geleer het en pas dit toe.

**4.** Stel jou metgesel se ouers gerus en vertel hulle hoe mooi jy na hulle dogter sal kyk. En bedoel dit! Sy is hulle kosbaarste besitting en dis vir geen ouer maklik om hul dogter saam met iemand te laat gaan wat hulle nie so goed ken nie.

**5.** Jou metgesel wil ook hoor sy lyk pragtig. Dis die een sinnetjie waarvoor sy al die hele jaar wag. Moet dus nie vergeet om dit vir haar te sê nie.

**6.** Onthou ook dat 'n ware heer die motor se deur vir sy metgesel sal oopmaak. Maak ook seker dat sy by jóú inhaak. Nie jy by haar nie. Wanneer julle by die matriekafskeid aankom, moet jy rustig op die rooi mat af stap. Glimlag mooi. Dis nie 'n wedren nie, niks jaag jou nie.

**7.** Jou matriekafskeid is die een geleentheid wat jy net een keer in jou lewe gaan ervaar. Dis te sê as jy nie matriek druip nie ... Maak die beste daarvan.

**(Verwerk en aangepas uit: *Jip,* Mei 2013*)***

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3**

**TEKS D: INTERNETGRAFIKA**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande internetgrafika gebaseer.



**3.1** Waarom, dink jy, word die afkorting SA in die opskrif gebruik en nie Suid-Afrika nie? **(2)**

**3.2** Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies.

Sedert 1994 **(prestasie)** Suid-Afrikaners op verskeie gebiede. **(1)**

**3.3** Skryf die sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Suid-Afrika kry in 1994 'n nuwe volkslied en 'n nuwe vlag.

**Begin só:** Nie alleen .... **(3)**

**3.4** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die onderstreepte skryfteken in **Nkosi sikelel' IAfrika** word 'n _____ genoem.

**A.** deelteken
**B.** aandagstreep
**C.** afkappingsteken
**D.** koppelteken **(1)**

**3.5** - **VOLTOOI** die sin.
- Skryf net die korrekte woord neer.

Omdat Suid-Afrika in 1994 sy eerste **demokratiese** verkiesing gehad het, staan die land vandag as 'n _____ bekend. **(1)**

**3.6** - Verbeter die **TAALFOUT** in die volgende sin.
- Skryf net die korrekte sin oor.

Nelson Mandela is in 1994 as Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesde president ingehuldig. **(1)**

**3.7** Skryf die sin oor in die **VERLEDE TYD**.

In 1996 kry Suid-Afrika 'n nuwe Grondwet. **(2)**

**3.8** Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies.

In 2002 word Mark Shuttleworth die eerste Suid-Afrikaanse **(ruimtereis)**. **(1)**

**3.9** - Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing van die woord **Afrikaan**.
- Skryf die woord in lettergrepe neer en onderstreep die lettergreep wat die klem dra.

| |
|---|
| **A-fri-kaan'** s.nw. / eienaam 1. (Afrikane) Inboorling van Afrika; teenoor *Blanke*, *Kleurling*. |

**(1)**

**3.10** Skryf die sin oor in die **LYDENDE VORM**.

Sydney Brenner het in 2002 die Nobelprys vir medisyne ontvang. **(3)**

**3.11** Gebruik die sin hieronder en jou kennis van die **SKEIBARE WERKWOORD, TYE** en die **INFINITIEF** en voltooi die sinne.

Die Nobelprys-komittee sal die Nobelprys vir letterkunde in 2003 aan JM Coetzee toeken.

**3.11.1** Die Nobelprys-komitee het .... **(1)**
**3.11.2** Dit blyk .... **(1)**

**3.12** - Gee die **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woorde tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

JM Coetzee is die **3.12.1 (suksesvol)** skrywer wat Suid-Afrika nog opgelewer het.
Hoe **3.12.2 (bekend)** 'n skrywer word hoe groter is die druk wat op hom geplaas word. **(2)**

**3.13** Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE**.

Charlize Theron het in 2004 gesê: "Ek is baie dankbaar vir die Oscar-toekenning." **(2)**

**3.14** - Kies die **KORREKTE** afkorting / akroniem tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Charlize Theron bestee baie tyd in Suid-Afrika om jongmense van **(MIV/Vigs** of **HIV/Vigs)** bewus te maak. **(1)**

**3.15** Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies.

Charlize Theron en die fliek, *Tsotsi* was sedert 1994 albei **(wen)** by die Oscar-toekennings. **(1)**

**3.16** Skryf die sin hieronder oor met die korrekte **LEESTEKENS** en **HOOFLETTERS**.

Presley Chweneyagae een van die akteurs in die fliek tsotsi het oornag 'n ster geword **(2)**

**3.17** Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**.

Suid-Afrika moet in die toekoms nog Nobelprys- en Oscar-suksesverhale oplewer.

**<u>Begin só</u>:** Suid-Afrika behoort .... **(2)**

**3.18** Gee die **VERKLEININGSVORM** van die woord tussen hakies.

Die Oscar-toekenning is 'n beeld van 'n man met 'n goue **(swaard)**. **(1)**

**3.19** **VERBIND** die twee sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

*Tsotsi* is 'n briljante fliek.
Dit het in 2006 die Oscar vir die beste buitelandse film gewen. (daarom) **(2)**

**3.20** Gee die **AFRIKAANSE WOORD** vir die woord tussen hakies.

Charlize Theron is vandag een van die gewildste **(actresses)** in Hollywood. **(1)**

**3.21** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die onderstreepte skryfteken in **"Die SKA-teleskoop"** word gebruik omdat die woord 'n samestelling van _____ is.

**A.** 'n koppelteken en 'n selfstandige naamwoord
**B.** twee selfstandige naamwoorde
**C.** 'n eienaam en 'n selfstandige naamwoord
**D.** afkorting / akroniem en 'n selfstandige naamwoord **(1)**

**3.22** Skryf die sin oor in die **TOEKOMENDE TYD**.

In 2014 hou Suid-Afrika sy vyfde demokratiese verkiesing. **(2)**

**3.23** - Kies die **KORREKTE** spelling van die woord tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Alle Suid-Afrikaners is trots op wat die land reeds sedert 1994 **(beryk / bereik)** het. **(1)**

**3.24** - Pas die taalfaset in **KOLOM B** by die voorbeeld in **KOLOM A.**
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – E) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| **3.24.1** Omdat Charlize Theron 'n trotse Suid-Afrikaner is, besoek sy die land gereeld.<br>**3.24.2** Nelson Mandela is die Suid-Afrikaner op wie die land die trotste is.<br>**3.24.3** Nóg Sydney Brenner nóg JM Coetzee het sedert 2003 die Nobelprys gewen.<br>**3.24.4** Mark Shuttleworth beoog om in 2015 weer die ruimte in te vaar. | **A.** betreklike voornaamwoord<br>**B.** woordvorming<br>**C.** ontkennende vorm<br>**D**. infinitief<br>**E.** voegwoord |

**(4)**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**
**GROOTTOTAAL: [80]**